# RPO Markverslag


## Week 40 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R37.42 | 1.2% | 1.0% | 26.4% |
| A2 (R/kg) | R71.97 | -0.7% | -2.1% | 37.3% |
| B2 (R/kg) | R62.18 | 1.6% | 2.1% | 38.5% |
| C2 (R/kg) | R61.05 | 1.4% | 2.7% | 41.7% |

## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 40 met 1.2% gestyg teenoor die vorige week en is tans 26.4% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod op speenkalwers weens verskeie areas waar voerkrale nie tans wil koop nie weens die BEK risiko. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Februaie. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in November rondom R37/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R41/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 40 met 0.7% gedaal teenoor die vorige week en is tans 37.3% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan die mark wat weer in ewewig kom na die nuus van voerkrale wat weer vir BEK positief getoets het. Die verwagting bly steeds dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou vanaf Oktober dan stelselmatig kan begin daal soos die nuwe jaar aanbreek. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November rondom 74/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R66/kg en nie hoër as R82/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


RPO

# RPO Markverslag

## Week 40 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R49.44 | 1.0% | -1.8% | 21.8% |
| A2 (R/kg) | R108.99 | -0.4% | -1.5% | 19.8% |
| B2 (R/kg) | R86.65 | -0.6% | -0.1% | 33.6% |
| C2 (R/kg) | R83.30 | -0.5% | -0.9% | 33.2% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 40 met 1% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 21.8% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer aanbod van lammers. Die verwagting is steeds dat die prys kan daal tot in Desember en dan sywaarts beweeg in die eerste twee maande van die nuwe jaar. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in November rondom R48/kg te wees en nie laer as R44/kg en nie hoër as R53/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 40 effens gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 19.8% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die effense daling in die prys kan toegeskryf word aan die volgehoue hoër aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys in Oktober en November steeds kan daal en dan stelselmatig kan begin styg in Desember. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November ongeveer R108/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R101/kg en nie hoër as R116/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*